St. Margareta van Hongarye

18 Januarie

(1242-1270)

Sy was die dogter van koning Bela IV van Hongarye. Op drie-jarige leeftyd is sy toevertrou aan die Dominikaanse nonne in Boedapest. Later besluit sy om self ook ’n non te word. Dit word ’n probleem toe koning Ottokar II van Boheme haar ’n huweliksaanbod maak wat ook ’n gunstige politieke alliansie vir Hongarye sou beteken. Daar word groot druk op Margareta uitgeoefen om die klooster te verlaat. Sy weier egter volstrek. Sy lei ’n lewe van intense gebed en boetvaardigheid en talle wonderwerke is aan haar voorspraak toegeskryf.

© Die Oratorium Uitgewery